A.G Visser Straat 1
Rensburg
1439

Tel: 016 341 2631 / 6143
Faks: 016 349 5836 / 086 635 8449
e-pos: admin@lsagvisser.co.za
www.lsagvisser.co.za

Ons waarde vir die maand: Lojaliteit

3 Augustus 2021

Beste ouers / voogde

Vrydag 6 Augustus 2021 - Langnaweek

Hiermee herinner ons u daaraan dat leerders Vrydag, 6 Augustus 2021, gewone klere kan aantrek teen R 5. Leerders kan 'n sportsoort of land uitbeeld ter ondersteuning van die Olimpiese Spele.

Vrydag sluit die skool om 12:00, aangesien dit 'n langnaweek is. Daar sal egter toesig wees tot en met 13:30. Ons doen 'n beroep op u om die nodige reëlings te tref.

Breiprojek

Ons wil almal hartlik bedank vir die bydrae tot die breiprojek. Dit is bykans afgehandel en sal so gou as moontlik aan die nodige persone besorg word.

Buitemuurs

Ons herinner u aan die reëlings rakende die buitemuurse oefeninge. Geen ouer mag op die skoolterrein wees gedurende oefeninge nie. Leerders wat tot 14:00 oefen, sal tussen 14:00 en 14:15 op die ryvlak opgelaai kan word. Leerders wat tot 15:00 oefen, sal tussen 15:00 en 15:15 op die ryvlak opgelaai kan word.

Leerders wat nie betyds afgehaal word nie, sal by Hek B wag. **Ons doen egter 'n dringende beroep op u om asseblief u kind betyds op te laai.** Leerders wat tot laat vir vervoer wag, plaas die leerders in gevaar, aangesien daar nie toesig is nie. Die naskoolsentrum is nie verantwoordelik vir hierdie leerders nie.

Snoepie

Die snoepie sal voortaan na skool oop wees op dae wat buitemuurse aktiwiteite aangebied word.

The Laundry Shop

The Laundry Shop het aangebied om leerders se skoolbaadjies in Augustus teen R 25 per baadjie te droogskoonmaak. U kan gerus van hierdie aanbod gebruik maak.

Me. S Marx
Skoolhoof